STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

**STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT VRA VIR NOMINASIES VAN TOEPASLIK GEKWALIFISEERDE EN ERVARE PROFESSIONELE PERSONE OM AANGESTEL TE WORD AS LEDE VAN DIE STELLENBOSCH MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL.**

Ingevolge Artikel 70(1) van die Stellenbosch Grondgebruikbeplannings Verordening (2015), moet die Stellenbosch Munisipaliteit 'n Munisipale Beplanningstribunaal (MPT) instel om oor grondgebruik- en grondontwikkelings aansoeke te besluit. Die ampstermyn van die huidige MPT sal aan die einde van Februarie 2023 eindig. Gevolglik word 'n uitnodiging ingevolge Artikel 72(1)(b) gerig vir die nominasie van persone wat aan die vereistes voldoen om as lid op die MBT aangestel te word. Die lede wat vir die volgende ampstermyn aangestel word, se dienstydperk begin op 1 Maart 2023.

Lede van die MBT moet oor kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning en verwante wetgewing beskik en verteenwoordigend wees van 'n wye reeks ervaring en kundigheid. Die verantwoordelikhede van MBT-lede sal insluit die voorbereiding van vergaderings deur beplanningsverslae te lees, bywoning en deelname aan maandelikse MBT-vergaderings en terreininspeksies waar nodig, die verifiering van notules van vergaderings, en enige ander pligte en funksies soos in wetgewing voorsien.

Lede sal vir 'n ampstermyn aangestel word met sodanige vergoeding soos deur die Raad bepaal, en onderhewig aan bepalings en voorwaardes.

Die nominasievorms is beskikbaar op die Stellenbosch Munisipale webwerf: www.stellenbosch.gov.za

Voltooide nominasievorms moet vergesel word van 'n Curriculum Vitae sowel as gewaarmerkte afskrifte van die kwalifikasies van die genomineerde en moet gerig word aan: Mnr Stiaan Carstens, Senior Bestuurder: Ontwikkelingsbestuur en moet per e-pos aan Lenacia Kamineth gestuur word.

**Navrae:** Lenacia Kamineth
**E-pos:** Lenacia.Kamineth@stellenbosch.gov.za
**Tel:** +27 21 808 8697

**Die sluitingsdatum vir die benoeming is die 15de Oktober 2022. Geen handafgelewerde, gepos of laat aansoeke sal oorweeg word nie.**

Kennisgewing No 15/22
**MUNISIPALE BESTUURDER**
Munisipale Kantore, Pleinstraat, Stellenbosch, 7600